



Hoërskool

LADYSMITH

High School

Posbus 33 / PO Box 33
LADYSMITH
KwaZulu-Natal
3370

Telefoon : (036) 637-7091/2
Telephone : (036) 637-2221/2

Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : ladysmith-high@mweb.co.za
Website : lhs.co.za

2 Junie 2020

Geagte Ouer(s)/Voog

COVID-19 KORONAVIRUS

Die heropening van ons skool bring opnuut kommer en vrese oor wat die gevolge van die Covid-19 pandemie op onderwys gaan hê sodra die skooljaar hervat.

Die geweldige en vinnige verspreiding van die hoogs aansteeklike en dodelike patogeen het alle lande in 'n katastrofiese toestand gedompel. Die Koronavirus is presies dit – 'n nuwe tipe virusinfeksie. Maande nadat dit ontdek is, worstel medici steeds om 'n entstof te ontwikkel om geïnfecteerde mense te behandel en die verspreiding van die virus te keer.

Covid-19 is nie 'n gewone griep nie, ten spyte van dit wat die kritici ons wil wys maak, aangesien daar tans geen teenmiddel beskikbaar is nie. Dit veroorsaak dat infeksies geweldig toeneem. Die verspreiding in RSA is wel tydens die afgelope 2 maande se grendeltyd ("lockdown") vertraag, wat ons gesondheidssektor in staat gestel het om vir die ergste voor te berei.

Die pandemie is nog lank nie verby nie en daarom doen die skool 'n ernstige beroep op elke ouer om 'n ingeligte besluit oor u kind se terugkeer na LHS te neem. Dit bly elke ouer se reg om te besluit of sy kind moet terugkeer skool toe of nie of vir tuisonderrig moet registreer.

LHS-opvoeders, ondersteuningskorps en skoonmaakspanne sal doeltreffend en behoorlik opgelei word rakende Covid-19 protokol en prosedures om die verspreiding en oordrag van die virus te bekamp. Riglyne van die Departement van Basiese Onderwys sowel as die Departement van Gesondheid, soos voorgeskryf rakende die veiligheid van personeel en leerders, sal streng by die skool nagevolg word om sodoende die veiligheid van die LHS-familie te verseker. LHS het reeds met mediese spesialiste rakende Covid-19 protokol en prosedures gekonsulteer. Dit is duidelik dat dit tot elke kind se beste voordeel is om die veiligheidsvoorsorgmaatreëls streng te gehoorsaam. Ons optrede sal ons veiligheid bepaal.xx

Die skool word bygestaan deur die beheerliggaam wat deeglik bewus is dat u kind u kosbaarste besitting is. Die beheerliggaam het, bo en behalwe die veiligheidstoerusting wat deur die KZN Departement van Onderwys verskaf is, addisionele veiligheidstoerusting aan die skool beskikbaar gestel. Die handhawing van fisiese afstand (sosiale distansiëring) en die sanitering van leerders se hande sal deeglik toegepas en gekontroleer word. Maskers sal, sonder uitsondering, deur almal gedra word. Onderwysers sal die voorbeeld stel. Elke leerder, leerkrag en besoeker op die skoolterrein se liggaamstemperatuur sal geneem en gedokumenteer word. Covid-19 vraelyste rakende moontlike simptome sal afgeneem en geliaseer word soos voorgeskryf deur Covid-19 prosedures. Slegs leerders met normale liggaamstemperatuur sal die skool mag binnegaan. Leerders met abnormale

liggaamstemperatuurmeting op die digitale termometerskerm sal geïsoleer word totdat die ouer of voog hulle kind vir verdere mediese ondersoek kan kom haal. Opvoeders sal nie die skool mag betree sou hulle enige tekens van siekte toon nie. Dieselfde moet vir u kind geld.

Wat leerders se skooldrag betref, moet daar deeglike en sorgvuldige higiëne toegepas word. Aangesien dit onprakties is om skoolbaadjies en dasses elke dag te was en skooldrag nie saam met gewone klere gedra mag word nie, is die vergunning gemaak dat leerders met gewone drag skool toe mag kom sodat die leerder se hele stel uitrusting elke dag na skool gewas kan word.

Aangesien nie alle leerkragte en leerders die voorreg van afstandsonderrig of toegang tot aanlynplatforms tydens die grendeltyd kon geniet nie, sal onderrig aan alle leerders in alle vakke op dieselfde punt hervat word.

Ongelukkig het die grendeltyd ook 'n negatiewe invloed op die ekonomiese welstand van baie ouers en besighede gehad. Die beheerliggaam het begrip vir gesinne wat onder finansiële druk verkeer en het ingestem om 'n betaalvakansie vir skoolfonds toe te staan deur die finale Oktober betaaldatum tot 15 Desember 2020 aan te skuif. Aansoeke vir gedeeltelike of volle subsidie staan steeds en aansoeke kan via epos aan info@lhs.co.za gestuur word waarna die skool 'n aansoekvorm aan die aansoeker sal stuur. Hou asseblief in gedagte dat die betaling van skoolfonds volgens wetgewing verpligtend bly (Afdeling 39-41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996) desondanks die skooldae wat tydens grendeltyd gemis is. Dit sal hoog op prys gestel word indien skoolfonds deur elektroniese fondsoordrag of deur bankdeposito's inbetaal word om besoekers by die skool tot die minimum te beperk. Die skool se bankbesonderhede is:

- Bank: Nedbank
- Rek. Nommer: 1330067347
- Takkode: 133025
- Verwysing: Leerder se NAAM en VAN

As gevolg van omstandighede buite ons beheer is die eerste kwartaal se assesseringsprogram nie voltooi nie en sal dit afgehandel word sodra leerders in hulle nuwe skoolroetine is. Wanneer die leerders terugkeer skool toe sal die skoollewe en roetine heeltemal verander. Al die leerders sal elke oggend vanaf 07:00 die skool deur die skuifhek tussen die dogterskoshuis en die tennisbane betree. Motorfietse moet by die ingang langsaan die skuifhek geparkeer word. Leerders staan in 'n ry op die sementpaadjie tussen die tennisbane waar sosiale distansiëring gehandhaaf word terwyl hulle wag om geskandeer te word. Sosiale distansiëring tussen leerders word deurgaans vereis, selfs tydens pouses. Aan die einde van die skooldag sal leerders die skoolterrein deur dieselfde hek verlaat. Toegang tot die skool deur besoekers, ouers, verskaffers en beamptes sal streng gekontroleer en gedokumenteer word.

Om op te maak vir verlore akademiese tyd en skanderingsprotokol, eindig die skooldag om 15:30 van Maandag tot Donderdag en 14:00 op 'n Vrydag. Die hervatting van die skool gaan soos die begin van 'n totale nuwe skooljaar wees. As ons almal toegewyd en vasberade is om ons deel te doen om onself en ander om ons teen die virus te beskerm, sal ons suksesvol wees.

Vriendelike groete



HJ CLARK
SKOOLHOOF